DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

29 Januarie 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. VREY**	**Aand**	**Ds. C.C.A. VREY**
Sing vooraf	Ps. 118: 8, 9	Sing vooraf	Ps. 119: 23, 25
Sing	Ps. 68: 9, 13	Sing	Ps. 98: 1, 2
	Ps. 25: 4, 6		Ps. 73: 1, 5
	Sb. 14-1: 1, 2 (73)		Ps. 73: 10, 12
	Sb. 3-4: 1, 2, 4, 5 (65)		
Skriflesing	Filippense 1: 27 – 2: 30	Skriflesing	Psalm 73 HK Sondag 10, Vraag 28
Teks	Filippense 2: 23-26	Teks	Psalm 73: 16-17, 23-24
Tema	Om 'n ware dienskneg van Jesus Christus te wees	Tema	Die troos om te weet dat die Vader alles geskep het en dit steeds onderhou en regeer
Katkisasie-opening: Skrifberyming 1-2: 1-3 (60)			

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe Aanvaar

- Proponent DJ Malan (Danie) na Uitschot

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Preke

- Lidmate wat graag uitgedrukte preke wil ontvang, skryf asseblief u naam op die lys in die konsistorie. Daar is verskeie koste-opsies – kyk daarna en merk die toepaslike kolom op die lys. Betalings kan (in 'n gemerkte koevert) in die betalings kassie in die kantoor geplaas word of per EFT betaal word met die verwysing: PREKE+naam
- Alternatiewelik kan u weekliks die preke gratis per e-pos ontvang. Stuur asseblief 'n e-pos na die kerkkantoor (gkbellville@mwebbiz.co.za) om op die lys geplaas te word.
- Lidmate bo die ouderdom van 75 jaar kan uitgedrukte preke, asook die psalms en Die Loot in groot formaat, gratis ontvang. Skryf asseblief u naam op die lys in die konsistorie en merk die toepaslike opsie(s).

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 4: 13 e.v. / Aand: Handelinge 4: 23 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

DIENS VAN ORREL

Van Schalkwyk Orrelbouers is tans besig met die groot diens van ons orrel. Dit sal 'n paar weke duur en ons vra u geduld en samewerking tydens die proses. Ouers moet asseblief sorg dat kinders nie by die orrelpype, wat bo in die kerkbanke lê, sal peuter nie. Baie dankie!

GELUKWENSING

Hilde van Niekerk is gekies om die Westelike Provinsie te verteenwoordig by die Tweekamp Inter-provinsiale byeenkoms te Oudtshoorn. Baie geluk, Hilde – ons is trots op jou!

GEMEENTEBRAAI

Ons jaarlikse gemeentebraai vind DV plaas op **17 Februarie** om 19:00 op die kerkterrein. Dit is 'n gemeente-aksie waar gesellig saamgekuier word, maar dien ook as 'n fondsinsamelings-geleentheid ter verstewiging van die Susterskas vir plaaslike gebruik en skenkings aan verdienstelike sake. Ekstra donasies is dus ook baie welkom. Ons hoop om u almal daar te sien!

Koste: R60 (¼ Hoender, Boerewors, Slaaie, Rolletjies & Konfyt), R45 (¼ Hoender, Slaaie, Rolletjies & Konfyt), R15 (Worsbroodjie).

Voltooi asseblief so gou as moontlik die deelnamelys in die teedrinklokaal. Betalings (EFT met die verwysing BRAAI+naam of kontant in 'n gemerkte koevert) moet asseblief die kassiere bereik teen 13 Februarie. Susters word ook vriendelik versoek om te help met die maak van slaaie. Vul asseblief die spesifieke lys daarvoor in. Diegene wat die funksie bywoon bring hul eie eetgerei en drinkgoed saam. By voorbaat dankie vir almal se samewerking.

GEMEENTEKAMP

Ons gemeentekamp vind DV plaas **31 Maart tot 2 April** by Mizpah naby Grabouw. Daar is 'n lys op die kennisgewingbord aangebring. Lidmate wat graag die kamp wil bywoon, skryf asseblief u naam so gou as moontlik op. Dagbesoekers is ook welkom. Betalings (EFT met die verwysing KAMP+naam of kontant in 'n gemerkte koevert) moet asseblief die kassiere bereik teen 15 Maart. Vir meer inligting, kontak br. Willem de Haan (021 913 2511).

Koste: Kinders (6 – 16 jaar) R128.00 en Volwassenes R256.00. Kinders onder 6 is gratis.

KLIPPIES (Graad R – Graad 7)

Alle Klippies en hul ouers word hartlik uitgenooi na 'n ken-mekaar-braai op DV **Vrydag, 3 Februarie** om 18h00 op die kerkterrein. Almal bring hulle eie vleis, drinkgoed en stoele. Braaivleisvure en slaaie word voorsien, asook worsbroodjies vir die kinders. Kontak asseblief vir sr. Debbie Daling (083 293 3949 / debbiedaling@mweb.co.za) indien julle dit graag wil bywoon.

LEWENDE STENE (Graad 7 – Graad 12)

Die Lewende Stene kom DV **Vrydag, 3 Februarie** vanaf 18h00 tot 20h00 bymekaar in die kerkhuis. Bring asseblief julle Bybels en Psalmboeke saam. Hou die *Whatsapp*-groep dop vir verdere inligting rakende die onderwerp wat bespreek gaan word, asook die vergadering wat gaan plaasvind.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Heelwat gemeentelede wat tans ongesteld is met virus-infeksies.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: In 2012 the Joostes started a Bible study in Rondebosch. At the beginning of 2017 RCSS wards have over 50 members consisting of 29 family units (including singles) and in addition over 10 regular visitors (most of whom are interested in membership).
Prayer: For the ministry of Word and Spirit to continue to build Christ's church.

A Day in the Psalms Conference
Final plenary session: Reading the Psalms with the Reformers (Rev. Jooste)
Date: Saturday, 18 February Time: 09h00 – 15h30
Place: Claremont Baptist Church Cost: R40 (includes a light lunch and refreshments)
RSVP 13 February hartwig.heather@gmail.com

Web announcement: https://rcsasouthernsuburbs.com/2017/01/17/a-day-in-the-psalms-confere/

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Baie dankie vir die gemeente se positiewe reaksie op ons evangelisasieprojek. Ons vra asseblief vir voorbidding vir ons eerste byeenkoms op DV Saterdag, 11 Februarie.

Almal wat nog oorweeg om te kom help by die kamp van 17 tot 21 Maart by Wemmershoek (buite Franschhoek), moet asseblief so gou as moontlik met sr. Elré Gerber (083 561 6607) of sr. Magda Groot (084 450 6166) in verbinding tree. Ons wil graag getalle finaliseer.

Ons benodig asseblief ook nog hulp met die maak van toebroodjies vir ons Saterdag-byeenkomste. Dit behels gewoonlik 2 brode se toebroodjies vir 1 of 2 geleenthede per jaar. Ons kontak u elke keer vooraf om beskikbaarheid te bevestig vir die betrokke Saterdag. As u bereid is om te help, skryf asseblief u naam op die naamlys op die kennisgewingbord.

SUSTERS

Maandvergadering
Alle susters word hartlik uitgenooi om ons eerste vergadering op **Woensdag, 15 Februarie** om 19h00, by te woon. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien. Die wyke verantwoordelik vir die aand se verrigtinge is: **Bosbell / Hoheizen**, Goodwood en Parow-Noord.

Teeskinkbeurte
29 Januarie: Boston 1 (Mariët Nijeboer) en Goodwood (Glaudi Goosen)
Woensdag, 1 Februarie (Breë Kerkraad): **Durbanville 1 (Willina Cilliers**), Goodwood (Glaudi Goosen), Loevenstein (Debbie Joubert), Welgelegen (Elre Gerber)
5 Februarie: Boston 2 (Syntyche de Waal), Durbanville 2 (Hilde Coetzee), Gordonsbaai (Gerry van der Walt)
12 Februarie: Brackenfell (Istelle Costerus), Glenlily (Delene Vrey), Kenridge (Michell Bezuidenhout)

VAKATURE VIR KASSIERE

Lidmate wat belangstel om aansoek te doen, word versoek om met sr. Willina Cilliers (082 738 1809) in verbinding te tree rakende die pligte. Aansoeke sluit **3 Februarie** en kan aan die skriba gestuur word by skriba.gkbellville@gmail.com.

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Dirk Kruger, Eduard Roos, Lawrence Lombard, Marten Daling
Volgende week: Brs. Piet Reyneke, Cobus du Plessis, Paul Silvis

Ouderlinge

Vandag: Brs. Elzar Wendt, Jaco Cilliers, Daan Joubert, Berend Meijering
Volgende week: Brs. Willie Buys, Peet van der Walt, Gert Swanepoel, Freddie Scheepers

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Niël van Hoving, André Costerus
Volgende week: Brs. Jaco van der Walt, Willie Swanepoel

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT VIR 2017

Januarie: 30/01 Glenlily
Februarie: 13/02 Parow-Vallei, 27/02 Boston 1
Maart: 13/03 Boston 2, 27/03 Bosbell & Hoheizen

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	GK Elsiesrivier	Huis Boland
By die deure:	Bolandse Bedieningsfonds	Emeritaatsfonds

VERGADERINGS

Breë Kerkraad

Woensdag om 19h00 in die konsistorie

Skiereiland vir Christus

Volgende Sondag na die aanddiens

5. VERJAARSDAE

Vandag	Sr. Lesinda Meintjies Br. Lou Robertson	078 720 4448 021 948 5727 / 083 234 5250
30/01	Br. David Dowdle Axel Eiberg (11 jaar) Br. Adriaan Opperman	072 874 4544 072 427 8527 082 921 1294
31/01	Br. Pieter du Plessis	082 854 0788
01/02	Sr. Nadine Hattingh Sr. Marie Mulder	079 664 2958 021 558 5084 / 082 784 8250
02/02	Br. Bernard Botha	082 434 2761
03/02	Emma Cilliers (7 jaar) Marilet Groot (2 jaar) Sr. Lettalie Kemp	021 976 4542 021 982 3435 083 431 6868
04/02	Sr. Elize du Plessis Sr. Jeanne van der Walt	082 508 1911 021 913 0556 / 082 325 4314

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za